

# FONTAINEBLEAU GEMEENSKAPSKERK-GROEP

## 17 Mei 2020: Die Belofte van die Heilige Gees

*I. Die fasiliteerder vir hierdie week lees die Openingswoorde voor of vra die groep om dit hardop saam te lees.*

*II. Nooi die groep om die volgende gebed elkeen hardop te bid (gee die keuse om deel te neem of nie).*

*III. Die fasiliteerder lees die volgende stel vrae hardop en nooi die groepslede om van die vrae te beantwoord.*

*IV. Lees die vrae een vir een en gee vir dié wat wil 'n geleentheid om te reageer.*

### I. OPENINGSWOORDE

Ons is hier omdat ons diep uit die put van Lewende Water wil skep en saam in ons volgelingskap van Christus wil groei. Ons leef met 'n bewustheid dat ons almal op reis is saam met God, elkeen teen ons eie pas, met ons eie worstelinge. Daarom respekteer ons die spasie en hou ons dit veilig deur vertroulikheid hoog op prys te stel. Ons nooit uit, eerder as om te eis. Ons korrigeer, red en oordeel nie mekaar nie en gee slegs raad wanneer dit gevra word. Ons kies om braaf te wees. Ons kies om eg te wees, heelhartig teenwoordig te wees en van onself te gee. Ons praat in die eerste persoon om ons eie reis te eien en nie te veralgemeen nie. Hierdie is 'n spasie waar elke stem saakmaak; waar ons juig saam met die wat juig en treur saam met die wat treur.

### II. WORD TEN VOLLE TEENWOORDIG

Begin hierdie week se groep deur die volgende gebed saam hardop te bid 'n paar keer (of elkeen apart):

“Heilige Gees, maak my en ons nuut; kom vul my hele lewe.”

### III. ONS KYK TERUG

Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar? Wat was vir jou moeilik? Wat het jou bygebly van ons vorige gesprek?

### IV. ONS LUISTER NA MEKAAR

1. Hoe sal jy hierdie week van “Level 4 lockdown” beskryf?
2. Wat beteken volgelingskap van Christus vir jou in hierdie tyd?



V. Die fasiliteerder verduidelik dat die week se teks twee keer gelees gaan word. Nooi die groep om te luister na watter woord/gedeelte vir hulle uitstaan. Lees die skrifgedeelte hardop, laat 'n rukkie stilte toe ná die voorlesing. Lees die teks dan 'n tweede keer.

Verdeel in pare en luister vir 2 minute elk na wat vir die ander persoon uitgestaan het. Elkeen kry 'n beurt om te deel terwyl die ander persoon net luister. Die fasiliteerder dui aan wanneer dit die volgende persoon se beurt is.

Ná die 4 minute, kry elkeen 'n beurt om in 'n paar sinne te vertel wat hulle by die ander persoon gehoor het (nie hulle eie insigte nie). Bv. Wat vir Pieter uitgestaan het is...

VI. Die fasiliteerder lees die stel vrae een vir een hardop en laat elkeen wat wil toe om te reageer. Maak seker om nie mekaar te 'fix' of in die rede te val nie.

VII. Die fasiliteerder lees die stel vrae hardop en elke groepslid kies dan op watter een van die vrae hy/sy wil reageer. Vra die groep om notas te maak oor hul medegroepslede se antwoorde sodat hul ondersteuning in die week kan gee.

VIII. Die groep gee gebedsversoeke en bid dan saam soos wat hulle verkies.

IX. Die fasiliteerder sluit af deur die seëngedeb hardop te lees.

## V. ONS LEES EN LUISTER SAAM (Wandel in die Woord)

Skrifgedeelte: Johannes 14:15-21

Watter woord/gedeelte(s) staan vir jou uit? Watter gedeelte bemoedig jou? Watter gedeelte ontstel jou? Watter vrae het jy oor hierdie gedeelte?

## VI. DIEPER DELF EN BESPREEKINGSVRAE

1. Hoe sal jy die Heilige Gees, en jou verhouding met die Heilige Gees beskryf?
2. Waarmee is die Heilige Gees tans besig in jou lewe?
3. Wat wil Jesus steeds vandag vir ons in hierdie teks vra? Hoe sal gehoorsaamheid lyk op Sy Woord?

## VII. ONS KYK VORENTOE

Wat het vir jou in die gesprek uitgestaan? Tot watter insigte het jy gekom? Wat wil jy prakties gaan doen om hierdie insigte hierdie week te implementeer?

## VIII. GEBEDSVERSOEKE EN -GELEENTHEID

Is daar enige ondersteuning wat jy benodig van die ander groepslede hierdie week? Is daar enige spesifieke gebedsversoeke vir jouself of vir iemand wat jy ken?

## IX. SEËNGEBED

Mag jy ervaar dat die Heilige Gees vir jou Voorspraak maak in hierdie tyd en mag jy krag ontvang om ook te doen wat God van jou vra. Amen

